**Mans Winterkamerjasse**
*Baie beperkte voorraad.*
**£4/17/6 elk.**
**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH

DIE
# Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL IV, No. 9. VRYDAG, 5 MEI 1944. PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets ... dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ON... Heinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
31 MAR 1949
UNIVERSITY LIBRARY

# Puik Atletiekbyeenkoms Môre Op Coetzenburg

## Vier Universiteite Ding Mee

### „Ons Atletiek terwille van ons Atletiek"

**Môre vind die derde byeenkoms gereël deur die Afrikaanse Studente-Atletiekbond plaas op Coetzenburg. Dit beloof om net sulke puik atletiek te lewer as al die vorige byeenkomste wat hierdie seisoen op die Stellenbosse baan beslis is. Vandat die Dalrymple-byeenkomste as gevolg van die verbreking van betrekkings met U. Witwatersrand deur Stellenbosch, U.P., P.U.K. en U.K.O.V.S. van die baan is, het die Studente-Atletiekbond daarin geslaag om die Afrikanerstudente mekaar ook op die sportterrein te laat vind.**

Die Afrikaanste Studente-Atletiekbond is aan die einde van 1941 gestig toe deur 'n aantal atletiekgeesdriftiges op P.U.K. gevoel is dat die verdwyning van die tradisionele Dalrymple-byeenkomste nie oorsaak behoort te wees dat daar geen inter-universitêre kompetisie sou plaasvind tot tyd en wyl die Wits-kwessie opgelos is nie.

In die stigting van die Atletiekbond het die A.N.S. 'n leidende aandeel geneem, omdat die organisasie gevoel het dat so 'n Atletiekbond in 'n definitiewe leemte kan vul wat daar bestaan het in die Afrikaanse sportwêreld. Omdat A.N.S. orals waak op al die volksterreine het dit ook hier die leiding en inisiatief op hom geneem in die stigting en bestendiging van die werksaamhede en doelstellinge van hierdie suiwer Afrikaanse bond.

DEUR BAIE MOEILIKHEDE

Die Atletiekbond het in die begin onder moeilike omstandighede gebuk gegaan, aangesien daar verskillende sake was waarmee Stellenbosch b.v. nie saamgestem het nie. Daarom het die eerste twee byeenkomste ook plaasgevind sonder dat U.S. amptelik 'n span ingeskryf het. Na onderhandelings oor en weer aangeknoop is, is uiteindelik daarin geslaag om tot 'n ooreenkoms te geraak. Die Afrikaner-studente het mekaar gevind, en ten spyte van moeilikhede kan 'n eie Afrikaanse atletiekbyeenkoms vanjaar op Coetzenburg plaasvind.

Soveel opgang het die Atletiekbond gemaak, dat ten spyte van die feit dat U.K. nie amptelik aan die byeenkoms kan deelneem nie, daar tog vanjaar 'n paar atlete van genoemde universiteit op die baan gesien sal word. Dit behoort die byeenkoms soveel interessanter te maak aangesien hierdie paar atlete van die uitstaandes vandag in die land is.

VORIGE BYEENKOMSTE

Die eerste byeenkoms van die bond is gehou op Bloemfontein, toe U. Pretoria die eerste wenners van hierdie kompetisie was. Verlede jaar het dit op Potchefstroom plaasgevind. By hierdie geleentheid het die Tukkies weer die kroon gespan met 66 punte teenoor P.U.K. se 28 punte. Stellenbosch wat verteenwoordig is deur slegs drie atlete as gevolg van vervoermoeilikhede, het nietemin uitstekend vertoon en die derde plek gevul met 23 punte op die telbord.

Die uitdunne begin om 10.30 v.m. en die finales neem 'n aanvang om 2.15 n.m. stiptelik. Die byeenkoms verdien die ondersteuning van elke Matie-sportliefhebber, en behoort dan ook toeskouers selfs uit die Skiereiland te trek, aangesien U.K. ook deelneem.

## Boodskap van die President van A.K.U.S

Namens die Atletiekklub van ons Universiteit 'n woord van hartlike verwelkoming aan ons vriende van die Noorde wat vandag hier aankom om deel te neem aan die derde byeenkoms van die Studente-Atletiekbond.

Waar daar aan die begin by die stigting van die Bond ernstige verskille van mening was wat die konstitusie van die Bond betref, kan egter nou konstateer word dat die geskille wesentlik uit die weg geruim is. Ons leuse is en bly: *Ons Atletiek terwille van ons Atletiek; ons Rugby terwille van ons Rugby.* Ons Sport terwille van ons Sport. So lang as wat die Bond hierdie beginsel handhaaf, kan hy op die ondersteuning van ons klub reken.

Ons verheug ons oor die ooreenkoms wat bereik is, en dit is dus vir ons klub 'n voorreg en genot om die byeenkoms vanjaar hier op Stellenbosch te reel. Ons kan dan ook met opregtheid aan ons vriende toeroep: *Welkom hier in ons Eikestad — mag jul paar dae hier baie aangenaam wees en mag ons jul goed op jul baadjie gee op die baan!*

E. T. STEGMANN.

KOOP DIE „WAPENSKOU."

# Wapenskou se Nuwe Hoogtepunt

## A.N.S.-orgaan en die Student

### A.N.S. EN BELEIDSTUDIE

Soos elke Stellenbosse student seker weet, redigeer die A.N.S. op die oomblik twee blaaie. *Die Matie* is die weeklikse orgaan van die plaaslike A.N.S.-tak. *Wapenskou* is die amptelike studieblad van die A.N.S., en staan onder die beheer van die A.N.S.-hoofbestuur. Daar word vertrou dat elke Stellenbosse student en ander belangstellendes onder die algemene publiek met die jongste nommer van Wapenskou persoonlik sal kennis maak. Hierdeur sal hulle in geleentheid gestel word om met die algemene toon en rigting van die A.N.S. se beleidstudie vertroud te raak.

In die Aprilnommer van Wapenskou, die eerste nommer van vanjaar, is daar baie stof wat elke student behoort te interesseer. Die volksbewegingsbegrip word verder uitgebou deur die betekenis van die musiekwese en die boukuns in die volksverband na te gaan. Mnr.Ernst Schutte, seker die bekendste en een van die mees gewilde radio-omroepers in die tyd wat hy aan die radiodiens verbonde was (hy het om „onverklaarbare" redes sy ontslag in 1942 ontvang), is vir die artikel oor *musiek in die volkslewe* verantwoordelik. Musiekliefhebbers moet die kans nie laat verbygaan om die opinies wat mnr. Schutte oor die toekomsrigting van musiek in die Weswêreld uitspreek, na te gaan nie. Volgens mnr. Schutte is daar vandag slegs 'n keuse tussen 'n terugkeer tot musiek wat op die volksbodem ontkiem, en die wanskape, Wes-Afrikaanse gedrog, wat as die produk van die moderne musiekbelewing wil poseer.

Mnr. Wynand H. Louw, die bekende Afrikaanse argitek, en medeontwerper van die Ou Mutual se praggebou in Kaapstad, dra sy deel by met 'n artikel oor „Die Ontwikkeling van 'n eie S.-Afrikaanse Boustyl." Dis genoeg gesê as beweer word dat 'n vakdeskundige in hierdie artikel aan die woord is.

Prof. dr. J. Chr. Coetzee, die P.U.K.-opvoedkundige, bespreek die nasionale onderwyskwessie in die tweede van sy reeks artikels oor hierdie veelbesproke en uiters kontensieuse aangeleentheid. Opvoedkundige studente sal ongetwyfeld baie stimulerende gedagtes hier teëkom.

Ander artikels is dié van prof. L. J. du Plessis oor „Volkspolitiek en Volksbeweging," adv. J. de Vos oor „Ons en die Revolusie," mnr. P. C. Coetzee oor „Die Werk van die Bibliotekaris," en mej. Hugo oor „Die Mag van die Staatspresident in die Kruger-republiek." Stellenbossers sal veral belangstel in dr. J. M. le Roux, van die plaaslike ingenieursdept., se artikel „Die Mens se Plek in die Uitsettende Heelal," en oudregter C. L. Botha se waardevolle bydrae oor genl. Hertzog se lewe. Regter Botha was 'n klasmaat van genl. Hertzog, beide op Stellenbosch en in Holland, en verskaf waardevolle inligting wat nie in C. M. v. d. Heever se boek voorkom nie.

A.N.S.-studente word aangeraai om te help om Wapenskou in 'n breër kring bekend te stel. Persone wat op die blad wil inteken, moet dit doen by *Die Uitgewers, Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch.* (Die intekengeld is 5/- p.j.). Enkel nommers van die blad kan by die *C.S.V.-Boekhandel* gekoop word.

## B.T.K.-GESELSKAP IN ONGELUK

Nadat hulle die heeldag deur op die Pieke rondgeklim het sonder 'n skrapie op te doen, was 'n twintigtal mans-studente Saterdagaand die slagoffers van 'n sonderlinge ongeluk in Jonkershoekweg.

Dit blyk dat die lorrie, waarop die bergklimmers teruggevoer is na Stellenbosch vir 'n motor, wat skielik van 'n systraat ingedraai het, uitgeswenk het. Die traliewerk om die passasiers, wat almal in 'n staande posisie was, het meegegee en twintig mans het in die harde teerpad beland.

Vyf is dadelik na hospitaal vervoer maar slegs een, R. Zaayman, is aangehou. Laasgenoemde verkeer tans onder spesiale behandeling in die Volkshospitaal in Kaapstad met beserings aan rug en arms.

## KUNSWEDSTRYD

Die beoordeling van die Afdelings Voordrag, Musiek en Volkspele vind plaas tussen 8 en 20 Mei. Alle deelnemers moet vanaf 8 Mei gereed wees vir die toetse. Teen betaling van 3d. kan enige deelnemer na afhandeling van die betrokke beoordeling, 'n kort geskrewe kritiek oor sy optrede of werk bekom indien sodanige kritiek beskikbaar is. In die reël word klasse vir skoliere in die oggend en namiddag beoordeel, en ope klasse in die agtermiddag en aand.

Teen betaling van 6d. mag enigeen die beoordeling van bogenoemde Afdelings bywoon.

*KOM BESOEK ONS en laat al u bekommernisse wegsmelt saam met ons smaaklike geregte in*
***DIE UITSPAN***

## NUWE BENOEMINGS AAN ONS UNIVERSITEIT

*Die Matie* wens die volgende oud-Maties van harte geluk met hulle benoeming op die personeel van die Alma-Mater en roep hulle 'n warme welkom toe:

(1) Dr. G. J. R. Krige wat wyle prof. D. F. du Toit opvolg as professor in Fisiese Skeikunde. Dr. Krige het die graad M.Sc. in 1919 hier behaal, en daarna die graad Ph.D. aan die Universiteit van Göttingen. Voor sy benoeming as lektor alhier was dr. Krige lektor aan Wits.

(2) Mnr. A. B. van der Merwe, M.A. wat benoem is tot senior lektor in Sielkunde, in die plek van dr. K. W. Heese. Mnr. Van der Merwe het die graad M.A. alhier in 1938 behaal met cum laude en hoop om aan die einde van hierdie jaar die kursus in Medisyne aan die Universiteit van Kaapstad te voltooi.

(3) Mej H. A. Lubbe, B.Ed. Ph. wat as lektrise in Liggaamsopvoeding aangestel is. Na die verkryging van haar graad in 1942 was mej. Lubbe werksaam in die opleidingskool, Denneoord, alhier.

* * *

Ook verwelkom ons mnr. C. L. Olen, M.Sc. (Wits.) wat as senior lektor in Elektriese Ingenieurswese aangestel is.

(Wits is nou baie goed verteenwoordig in ons Fakulteit van Ingenieurswese, nl. deur prof. Straszacker, prof. Heydorn, dr. Roux, mnr. Sippel, mnr. Steenkamp, en mnr. Olen).

## INTERDEBAT TEEN O.K.P.

**Wanneer? Vanaand om 7.30.**
**Waar? Huishoudkundesaal.**
**Onderwerp: Godsdiensonderrig behoort 'n verpligte leervak in die skoolleerplan te wees, en eksamen behoort daarin afgeneem te word.**
**Sprekers vir U.S.: Danie Moolman, mej. Beetge en Nic Treurnicht.**
**Kom luister hoe die Matie-redenaars die teenstanders opkeil!**

## „ARMS AND THE MAN"

### — *Bernard Shaw* —

Mej. Joyce Burch stel voor die studente van die Spreekkuns afdeling van die Konservatorium vir Musiek, en ander Universiteitsstudente, in „Arms and the Man," van Bernard Shaw, op Vrydag- en Saterdagaand, 5 en 6 Mei.

Die spel is vol geestige insidente en bied gulde geleentheid aan studente wat nog nie voorheen op die planke verskyn het nie, om hulle talent te wys. Kostume uit hierdie tydperk is deur die studente van die Spreekkuns-afdeling self vervaardig, en egte uniforms is goedgunstiglik geleen deur die Kaapse Universiteit.

Die spel word opgevoer onder beskerming van die Vroue Vereniging, 'n liggaam wat reeds veel onderneem het ter stywing van studentefondse.

Marguerite E. de Villiers,
Konservatorium vir Musiek.

## „Die Filosofiese Palet"

Saterdagaand, 20 Mei, word in die stadsaal 'n vertoning gelewer van die Margaret Morris Beweging in die vorm van 'n musiekspel.

Elke toneel in die opvoering, voorgedra in verskillende kleure, simboliseer een of ander hoedanigheid van die perfekte vrou. So b.v. opgewektheid, blydskap, liggaamshouding, soepelheid, grasie, wakkerheid en helder dinkvermoë en ten slotte haar vermoë om haar lewens-individualiteit te vertolk. Maar bo alles om die skoonheid van gesondheid en 'n aantreklike persoonlikheid wat onafhanklik is van mooi gelaatstrekke te behaal.

Daar sal 25 deelnemers van verskillende ouderdomme wees.

*Die Fondse gaan vir die Langenhoven-Gedenksaalfonds.*

Plekbespreking by die C.S.V.-Boekhandel.

## HUIS-DE-VILLIERS

### Rendezvous Internationale

Verteenwoordigers van baie verskillende nasies het die Conservatoriumsaal Saterdagaand hul tuiste gemaak. Diegene wat daarin geslaag het om 'n weg te baan deur die mense het die alombekende skoonheidssalon „Madame du Barry" besoek, of na die uitlê van hulle toekoms geluister, of aan een van die baie kompetisies deelgeneem. Van nege uur af het daar lewe in die danssaal gekom. Diegene wat verfrissing gesoek het, is by die windmeule deur vriendelike Hollandertjies bedien of het na die romantiese kafee gedaal. Die beste aanbeveling was die feit dat elkeen die afsluit van die aand so ver moontlik wou uitstel.

## Studente Beseer in Gimnastiekoefeninge

H. Labuschagne, die welbekende U.S. bokskampioen, is Dinsdag vry ernstig aan sy nek en rug beseer toe hy op die rekstok gegly en op sy kop te lande gekom het. Hy verkeer tans in die hospitaal.

Dinsdag is ook in die stoeiklas 'n stoeier vry ernstig aan die arm beseer, nl. J. de Witt, van Dagbreek. De Witt moes ook na die hospitaal vervoer word, waar ook hy goed vorder.

## Prof. Schumann as Adviseur

Prof. C. G. W. Schumann is benoem tot ekonomiese adviseur in verband met die ondersoek wat die Raad van Handel en Nywerheid instel na die nywerheid in Suid-Afrika. Prof. Schuman bly as professor aan aan ons Universiteit, maar sal gedurende die tweede semester enkele weke nie sy klasse waarneem nie, aangesien die ondersoek hom sal verplig om na Durban te gaan.


*Maties!*

**Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.**

DIE
**Voortrekker-Apteek**
Andringastraat, Stellenbosch



*Goeie Raad!*

Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.

*Ons hele Staf is tot u diens!*

**Pro Ecclesia-Drukkery**
Pastoriestraat, Stellenbosch.


## MUSIEKVERENIGING

### *Jammer, hoor!*

Aangesien al die bruikbare radiogramme van die Konservatorium op die oomblik buite orde is, (hulle word egter op die oomblik herstel) sal vir die volgende paar weke geen programme op Sondagaande gelewer word nie. Sodra dit egter die Musiekvereniging geluk om enige uitvoering te reel, sal kennis daarvan gegee word. Sodra die radiogram in die Konservatorium herstel is, en die programme weer 'n gereelde aanvang neem, sal dit by verskillende koshuise afgekondig word, as daar nie geleentheid is om dit in *Die Matie* te plaas nie.

*M. E. J.*

Mej. Stephanie Marais van Huis-de-Villiers het Dinsdagmiddag haar verjaardag met 'n klompie vriendinne gevier. Onder hulle was op te merk mejj. Truida Maree, Anna Taljard en Diedie Bergmann.

* * *

Mnr. Pickard van Blerck wat 'n geruime tyd weens 'n kniebesering van die veld was, het gedurende die week weer begin deelneem aan oefeninge.

## VERLOOR

**Langwerpige, chroom Rotano damespolshorlosie verloor tussen Nuwe- en Moederkerk. Sal vinder asb. in verbinding tree met Mej. Coetzee, Crozierhuis.**


**Vanaand en Moreaand**
om 8 uur
**"Arms and the Man"**
in die
**Konservatoriumsaal**
Toegang: Publiek 3/- Studente 2/-


## WEET U?

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**


*Maties!*
**Die Victoria Kafee**
*Vir*
Vars Vrugte
Smaaklike Lekkers
Vriendelike Bediening
Mnr. MALZER

**Onthou**
**Die Biljart Salon**



**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies*



*Dames raadpleeg*
*TANT MITA*
*voor u materiaal koop en Bespaar!*

Deftige Tabberds, Jasse en Baadjies.

**Recreationsgebou, PLEINSTRAAT.**



*MATIES!!!*
**DE CLERK**
DIE DROOGSKOONMAKER
Verseker U van vertroubare dienste.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.



**Die C.S.V.-BOEKHANDEL**
kan u naas u *Voorgeskrewe Boeke* en Skryfbehoeftes ook voorsien met *Leerartikels* van alle soorte.

*Groot verskeidenheid van Afdrukke van Skilderye* en ander prente ook in voorraad.

**Die C.S.V. - Boekhandel**



# Rook Springbok-Sigarette

## Sportmanne In Die Nuus

### George Patching. †

Die gevierde Springbok-naelloper, George Patching, is 'n paar weke gelede in Johannesburg oorlede.

Patching was 'n veelsydige atleet, wat veral in die 100, 220 en 440 tree uitgeblink het. Hy het op sy dag baie Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe verower, en is in 1912 gekies vir die span wat ons land op die Olimpiese Spele in Stockholm sou verteenwoordig. In hierdie jaar het hy groot roem verwerf in die buiteland.

Op die Britse kampioenskappe in Londen, waaraan die Springbokke ook deelgeneem het, het hy die 100 tree in 9-7 sek. gewen, en daardeur 'n nuwe Britse rekord geskep. Sy vertonings oor die 220 en 440 tree was ook so uitstekend dat die Harvey Memorial-beker, wat jaarliks aan die beste atleet van die byeenkoms uitgeloof word, aan hom toegeken is.

Hy het inderdaad so 'n gunstige indruk gemaak dat daar van hom verwag is dat hy, net soos sy kranige voorganger, Reggie Walker, die Olimpiese 100 *meter* vir Suid-Afrika sou verower.

Hierdie eer het Patching egter nie te beurt geval nie. Hy het wel in Stockholm aan die eindwedloop oor die 100 *meter* deelgenem, (nadat hy pragtig in die uitdunne vertoon het), maar hier het sy vyf Amerikaanse teenstanders hom uitoorlê.

Die wedloop was merkwaardig omdat dit soveel moelikhede met die wegspring gelewer het. Patching het altyd blitsvinnig afgesit, en die Amerikaners was dus vasberade om te verhoed dat hy in hierdie afdeling 'n voorsprong op hulle sou kry. Daarom het hulle hom probeer uitput deur beurtelings voor die skoot weg te spring. Dit het 'n hele paar keer gebeur. Die uiteindelike wenner was J. Craig met 10.8 sek., en aan Patching is die vierde plek toegeken — hoewel baie mense gemeen het dat hy derde gekom het. Hy het later self verklaar dat hy 'n goeie kans gehad het om te wen as dit nie vir die wegspringoortredings was nie.

Patching se beste tyd oor die 100 tree in Suid-Afrika was 9.4 sek., wat gelyk staan aan die huidige wêreldrekord. Dit was waarskynlik die vinnigste naelloop van sy tyd, hoewel dit nooit as rekord erken is nie.

Patching was een van die grootste figure in die Suid-Afrikaanse atletiekwêreld en sy nagedagtenis sal altyd voortleef in atletiekkringe.

## ATLETIEK

### Inter-Univ. Botsing

Nadat Coetzenburg vanjaar die toneel van menige skouspelagtige atletiekbyeenkoms was, word die seisoen môre met nog 'n eersterangse byeenkoms afgesluit. Atletiekgeesdriftiges sal weer die geleentheid hê om puik atletiek te aanskou wanneer U.S., P.U.K., U. Pretoria en die Potchefstroomse Onderwyskollege in 'n inter-universitêre botsing teen mekaar te staan kom. 'n Span van U.K., bestaande uit vyf atlete neem ook deel. Ikeys kon nie 'n volle span op die been bring nie omdat dit nou vakansie is. Die atlete sal om die Volkskastrofee (mans) en Dippenaar en Reineke-beker (dames) meeding.

Dit lyk of Pretoria se kanse om vanjaar weer die hoogste plek op die telbord in te neem besonder rooskleurig is, ten spyte daarvan dat U.K. en U.S. hulle ook terdeë sal laat geld. Pretoria beskik oor 'n meer gebalanseerde span. In die naellope sal elke tree taai beveg word, aangesien Kempen en Leslie Allen (U.S.), H. de Beer (U.P.) en F. W. Ras (P.U.K.) almal uitmuntende atlete oor die distansie is. Hier kan net gemeld word dat Ras vanjaar al die 100 tree in 9.9 sek. afgelê het. Hoewel hy miskien moeilik sal kry om dieselfde prestasie hier te herhaal, sal die P.U.Kaner tog as die gunsteling op die baan gaan. Oor die 220 tree is Ras egter nie so 'n moeilike man nie, en hier sal Danie Joubert waarskynlik die lint eerste breek.

In die kwartmyl sal die eerste plek tussen D. Joubert (U.K.), A. du Toit (U.P.), Hennie van Heerden (U.S.) en A. Allen (U.S.) uitgespook word. Alhoewel die Ikey se gereelde tyd (50 sek.) ver bokant die vertonings van die ander atlete uitstaan, verwag ons dat hy môre goed opgekeil sal word deur die ander deelnemers aangesien hy op die oomblik nie in die beste afrigting verkeer nie.

Waar U. K. bepaald behoort te seëvier is in die middelafstande. Hier beskik hulle oor atlete soos Tinkie Heyns en D. Raath wat op die oomblik van die beste deelnemers in die land is. 'n Uitstekende tyd behoort aangeteken te word, wie ook al wen, want Groenewald en Roux sal die pas beslis baie warm maak. Dit mag miskien wees dat Groenewald met 'n verrassing in die een myl te voorskyn kom en die ander die hakke toon. In die twee myl wedloop is daar maar min hoop vir die ander atlete om vir J. C. Pretorius (U.P.) uit te stof. Dit lyk of Pretorius op die oomblik so reg-reg op sy stukke is, aangesien hy onlangs 'n nuwe klubrekord vir U.P. daargestel het op 9 m. 58.2 sek. en dit is dus nie onmoontlik dat hierdie bekende S.A. langafstandhardloper binne die bereik van W. Green se S.A. Universiteitsrekord mag kom wat hy in 1939 gestel het op 9 m. 44.6 sek. (Dit is ook die S.A. rekord).

In die 120 tree hekkies sal Ben le Roux (U.K.) seker die toon aangee maar in die 220 tree hekkies behoort Tukker Vorster (U.P.) die louere in te oes., alhoewel hy sal vind dat Callie van der Merwe gladnie so 'n maklike man is om af te skud nie. Beide Vorster en Van der Merwe se beste tyd vir die nommer is 25 sek., wat net .2 sek onder G. Davis se S.A. Universiteitsrekord is.

In die veldnommers verwag ons oorwinnings vir U.S. in die gewigstoot en paalspring en miskien in die verspring. Japie Krige, die bekende Matie- en W.P. spiesgooikampioen, tree op die oomblik vir U.P. op en behoort te sorg vir 'n oorwinning vir sy span. Ook in die diskus sal atlete soos Chris du Toit, oud-Dalrymple-kampioen en tans van Ikeys, Reyneke (U.S.) en Roby Joyce (U.P.) in aksie gesien word. Daar is min tussen Joyce en du Toit te kies. Eersgenoemde het egter die werpskyf al 134 vt. 8½ dm. geslinger wat du Toit se Dalrymple-rekord met 6¼ dm. slaan.

Wat die dames betref lyk dit of U.P. oor die uitblinkers in die baannommers beskik, terwyl U.S. oor die krag in die velditems beskik.

## AMATEUR-STOEITOERNOOI

Die U.S. stoeispan tree môreaand op teen 'n W.P. keurspan. Verder sal daar 'n paar gevegte plaasvind tussen die beste stoeiers van die res van die U.S. klub. Die hele program sal uit ongeveer 14 gevegte bestaan.

Die toernooi sal in alle opsigte die moeite werd wees om te sien, want van die beste stoeiers van W.P. sal optree. In die W,P,-span is daar manne soos Ueckermann (W.P. veergewig-kampioen), Christowitz (W.P. liggewig-kampioen) en Rubin en Kallis, albei sterk aanspraakmakers in die middelgewig. Aan ons kant is daar o.a. Maas (ligswaarkampioen), Jooste (middelgewigkampioen) en Marinus. Alle gevegte beloof dus om baie aanskoulik te wees.

Die fondse gaan ten behoewe van die Fakulteit van Ingenieurswese.

## VOETBAL

Sowel die 1-A as die 1-B speel môre weg. Die B-span gaan na Liesbeekpark, terwyl die eerstespan Bellville die hoof bied op Bellville.

Nadat die eerstespan verlede week maar weer met dieselfde lustelose spel voor die dag gekom het, veral die agterlyn, is dit op hierdie stadium maar baie moeilik om iets te waag oor hulle kanse môre.

Die Maties se voorspelers het verlede Saterdag teen Maitland ruimskoots hulle regmatige deel gedoen, en twee sulke jong spelers soos Daan Swiegers en Burger het getoon dat daar groot moontlikhede in hulle steek. In die los was die Matievoorspelers woelig en het dikwels die bal so vinnig bemeester dat ten spyte daarvan dat die studente die bal maar taamlik min uit die vaste skrum te sien gekry het, die agterlyn nog dikwels kon beweeg. Maar dit was eenvoudig al wat hulle gedoen het — net beweeg — maar sonder enige planmatige aanval. As ons Intervarsity iets wil uitrig teen Groote Schuur sal die agterhoede definitief moet sorg dat hulle die spel hier opknap en meer met durf speel. Eers wanneer 'n agterhoede so met die voorosse kombineer dat wanneer hulle in besit gestel word, jy enige oomblik iets kan verwag, kan daar gepraat word van 'n span wat in puik kondisie verkeer.

As die Maties môre dus kan regruk behoort hulle vir Amie Gonin en sy makkers sommer goed in toom te hou en mag selfs 'n verdienstelike oorwinning behaal.

**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)

Kerkstraat,

STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE

- - YSTERWARE - -

- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

**G. E. HENDRIKSZ**

se viswinkel vir

VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

**HENDRIKSZ**

die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.

Andringastraat, Stellenbosch.

**HALDENWANG**

HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.

(Foon 135)

**Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE KWV DRUIWESAP**

*Onthou ! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**Hou hierdie kolom dop vir die volgende paar weke**

vir

Tandepasta in Buisies
Universiteits-Truië met lang moue
Minora, Gillette, 7 O'clock en Ever Ready Lemmetjies per Pakkie
Wolsokkies, Voetbalkouse, ens., ens.
Sien ons nuwe versending Donegal Sportsbaadjies

**Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.**

Foon 20. STELLENBOSCH. Bus 31.

**HENDRIKZ**

Foon 95.

vir

✱ Elektriese Benodighede
✱ Radio en alle Elektriese Reparasies

Langs Voortrekker Apteek
ANDRINGASTRAAT

*Vir die maak van a volende*

Paar Sandale
Stewels
Skoene

BESOEK

**LUBBE**

*die deskundige skoenmaker en repareerder*

Foon 440